**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2013

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** 100

**TYD:** 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50 punte) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele tekste | (30 punte) |
| AFDELING C: | Korter tekste: Transaksioneel/Naslaan/Informatief | (20 punte) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen jou beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe oorgeskryf het.

7. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer die skryfstukke soos wat dit op die vraestel verskyn.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: OPSTEL

- Kies EEN onderwerp en skryf 250 – 300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

1.1 **Eers vyande – nou vriende.**

Elkeen van ons ken iemand van wie ons eers *nie* gehou het nie, maar nou is ons baie goeie vriende.

Skryf 'n **opstel** waarin jy **vertel** hoekom julle nie van mekaar gehou het nie, wat julle nader aanmekaar gebring het en wat julle vriendskap in die toekoms vir mekaar beteken. **[50]**

1.2 **BLY STIL, OUMA! OUPA!**

Is daar nog respek vir die bejaardes (ou mense) in ons familie of gemeenskap? Hoe voel jy oor die vraag?

Skryf 'n **opstel** waarin jy hieroor **redeneer**.



**[50]**

1.3 **Matriekafskeid**

Is 'n matriekafskeid wat in Aprilmaand gehou word nog 'n afskeid vir die graad 12-leerders of nie?


Skryf 'n **opstel** waarin jy **argumenteer** dat April die beste tyd is/of nie die beste tyd vir die matriekafskeid is nie. **[50]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.4 **My Dorp of My Stad**

ʼn Bekende koerant het die volgende kompetisie uitgeskryf:




Die koerant, *Rapport*, het ʼn kompetisie waarin hulle die beste dorp of stad in die land wil identifiseer. Ongelukkig is jy nou skaam vir jou dorp of stad.

Skryf ʼn **opstel** waarin jy jou dorp of stad se agteruitgang en probleme beskryf.

<u>Titel</u>: (Jou dorp of stad se naam.) **[50]**

1.5 **My lewe sal beter wees as ...**

Ons lees of hoor so baie van mense, diere, dinge, boeke, ensovoorts wat die lewe vir ons beter kan maak.

Vertel ons in ʼn **opstel** *wie* of dalk *wat* jy dink, jou lewe en omstandighede positief kan beïnvloed. Vertel ook waarom jy so dink. **[50]**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel.

1.6.1



[BRON: *Die Burger,* 22 Oktober 2012] **[50]**

1.6.2



[BRON: *Run/Walk for Life,* 2006] **[50]**

1.6.3




[BRON: *People,* 8 Junie 2012] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

**2.1 DIALOOG**

Die *Blackberry* en *iPad* is in gesprek met mekaar waarom een van hulle die gewildste kommunikasiemiddel onder tieners is.





Skryf die **gesprek** tussen die twee in dialoogformaat neer. **[30]**

**2.2 TOESPRAAK**

Jy is absoluut gek oor 'n sportsoort wat nie in jou skool beoefen word nie. Die skoolhoof het belowe dat hy die sportsoort sal begin as daar 35 leerders is wat belangstel. Hy sal jou die geleentheid gee om die sportsoort gedurende 'n saalperiode aan die leerders bekend te stel.

Skryf jou **toespraak** neer wat jy gaan lewer om 35 belangstellendes te kry sodat die nuwe sport deel van jou skool se buitemuurse program kan word. **[30]**

**2.3 RESENSIE**

Die Afrikaanse Departement van jou skool moet nog besluit watter drama/kortverhaal/prosa hulle volgende jaar met die leerders wil doen. Die onderwysers het besluit dat die huidige graad 12-leerders die leeswerk moet resenseer en op grond daarvan sal hulle die volgende jaar se leeswerk kies.

Skryf 'n **resensie** oor die drama/EEN van jou kortverhale/prosa wat jy hierdie jaar gelees het en wat jy aanbeveel volgende jaar weer gelees kan word. Onthou om die kenmerke van 'n resensie in jou skryfstuk aan te spreek. **[30]**

**2.4 BRIEF MET 'n VERSOEK**

Jou kultuurklub wil graag gaan toer, maar daar is net te veel uitgawes en dit gaan te duur wees.

Skryf 'n **brief** aan 'n instansie van jou keuse **en vra** vir 'n borgskap. Verskaf die redes vir die versoek, verduidelik waarom jy spesifiek hierdie instansie nader as 'n borg, verskaf alle moontlike inligting oor die toer en die kulturele besienswaardighede wat julle wil besoek. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## AFDELING C: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### 3.1 ADVERTENSIE

Jy wil graag ekstra geld verdien, maar weet nie hoe nie ... en toe besef jy dat jy baie goed met rekenaars is!

**Skryf 'n advertensie** waarin jy adverteer hoe jy mense van hulp kan wees en sommer ook geld daarmee kan verdien. Maak gebruik van die ABBA beginsel om jou met jou advertensie te help. (Aandag trek, Belangstelling wek, Begeerte wek, tot Aksie oorgaan.) **[20]**

### 3.2 LYS

Die detensieklas op 'n Vrydagmiddag is vol met graad 8's wat gestraf word omdat hulle sekere skoolreëls *aanhoudend* oortree. Jy is gevra om 'n lys te maak van die agt mees algemene skoolreëls wat hulle in detensie laat beland sodat die graadhoof dit met hulle kan bespreek.

**Maak 'n lys** van hierdie oortredings en nommer die oortredings van 1 – 8. (Die lys moet in volsinne wees en nie net kriptiese woorde nie.) **[20]**

### 3.3 AANWYSINGS

Vir Lewensoriëntering moet jou groep *danspassies* uitwerk en vir punte aanbied, maar nie almal in die groep kan dans nie.

**Skryf** die naam van die dans waarop jou groep besluit het neer en verduidelik in 'n **paragraaf** hoe die dans gedoen moet word. **[20]**

### 3.4 DAGBOEKINSKRYWING




Die strokie het jou laat dink aan die argumente wat jy byna daagliks met een van jou ouers het. Dit ontstel jou en jou ouers.

**Skryf** jou gedagtes/emosies hieroor in jou **dagboek.** **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Downloaded from eduresourceza.com